

WINTER 2025 OVERVIEW



IntelGro

intelligent crop solutions

We focus on
**BIOLOGICAL
SOLUTIONS**

- Oorsigte deur ons Area Bestuurders
- SAAD: TOPPRESTEERDERS
- Plantvoeding woeker in die veld
- **RESPONSIBLE AGRICULTURE MATTERS**
- Boeredae Bly Bobaas!
- Introducing our new team members



Inhoudsopgawe

- Jaareindboodskap van AJ Griesel • 2
- The Core Responsibilities of our Functions • 3

MENSE-ONDERSTEUNING / PEOPLE SUPPORT • 4

- Strengthening our Foundations for Growth • 5
- Looking Ahead: Sharpening Organisational Effectiveness • 6
- Nuwe aanstellings by InteliGro • 7

PRIMÊRE BESIGHEIDSKANAAL / PRIMARY BUSINESS CHANNEL • 9

- Area Bestuurder-oorsigte • 10
- PCO-opleidings • 19
- Nuwe depots verbreed ons voetspoor • 21

TEGNIES / TECHNICAL • 22

- Responsible Use of Restricted Agricultural Chemicals • 23
- Article: InteliGro's BioSolutions Crop Protection • 25
- Article: South Africa's fruit growers are leading the way • 27
- InteliGro Plantvoeding-oorsig • 30
- Grondvrugbaarheid-opleiding • 32
- InteliGro Saadafdeling: Verskaffersbesoek • 33
- Toppresterende saadvariëteite • 34
- Saadproewe vir volhoubare landbou en voedselsekuriteit • 36
- InteliGro Saad Spesialiste • 37

BEMARKING / MARKETING • 38

- Potato Symposium 2025 • 39
- Vivo Boeredag • 40
- "Ride & Fly"-boeredag • 41
- Boland Landbouskool-betrokkenheid • 42
- Intelekt Solutions-inligtingsdag in Moorreesburg • 43

FINANSIES EN RISIKO / FINANCES AND RISK • 49

- Finansies & Riskio-oorsig • 50

VOORSIENINGSKETTING / SUPPLY CHAIN • 51

- Voorsieningsketting-spanfotos • 52

INTELIGRO SE MENSE / THE PEOPLE OF INTELIGRO • 53

- InteliGro Cares: Mandeladag 2025 • 54
- InteliGro Cares: Borskankermaand by InteliGro • 55
- Betrokkenheid: Fotos by kantore en in die veld • 56



Waar dit regtig saak maak

Generasie ná generasie beleef ongekende verandering – en die tempo daarvan versnel net al meer.

Ek wonder soms of ons, te midde van al hierdie veranderinge, nie dalk die eenvoudige dinge uit die oog verloor nie. In 'n wêreld wat so vinnig verander, kyk ons natuurlik meestal vorentoe. Maar dis net so belangrik om terug te kyk, want dikwels lê die waardevolste lesse juis daar.

In die landboubedryf moet rolspelers voortdurend nuwe idees verken en aanpas om volhoubaar te kan bly voortbestaan. Dink maar net hoe tegnologie, data, regulasies en veranderende verbruikersgedrag ons lewens daaglik raak. By IntelliGro bly ons geanker in ons kernroeping – om produsente te help om beter te boer.

Suid-Afrikaanse produsente is wêreldklas, met vaardighede en deursettingsvermoë wat wêreldwyd erken word. Ons is bevoorreg om 'n pad saam te kan stap, dáár waar dit regtig saak maak: OP DIE PLAAS.

Daar is groot uitdagings in ons bedryf, van klimaatsverandering tot regulatoriese druk, tog kan ons staatmaak op ons span se standvastige vasberadenheid. IntelliGro se plaaslike betrokkenheid, intydse data en volgehoue opleiding stel produsente én adviseurs in staat om beter te boer. Ons deelname aan Croplife SA en die ontwikkeling van handleidings en riglyne vir wetlike nakoming, vorm deel van ons verbintenis tot uitnemendheid.

Die verhoudings wat ons bou, en die vertroue wat in ons gestel word, maak die werklike verskil - gekombineer met intelligente oplossings vir elke unieke omgewing of uitdaging.


Vertrouensverhoudings verg mense met die regte profiel: kundig, toegewyd, passievol. Ons mense is sonder twyfel die ware pilare van ons gedeelde volhoubaarheid, die dryfkrag agter IntelliGro se sukses en vennote in produsente se groei en voorspoed. Dankie vir die ongelooflike werk wat julle elke dag doen.

Ons produsente, adviseurs, ondersteuningspanne en besigheids-vennote vorm ons grondslag en maak dit vir IntelliGro moontlik om te kan droom, beplan en bou aan 'n toekoms gekenmerk deur volhoubaarheid en slim landbou.

Met waardering

AJ Griesel

Uitvoerende Hoof, IntelliGro






Core Responsibilities of the Six Key Functions

InteliGro adopted a model where teams are empowered to drive growth, foster better relationships, enable process innovation, and take responsibility for operational execution within the business units.

This structure enables focus and agility, while staying committed to making a difference on the farm by creating a more robust, aligned, and agile organisation, we are positioning ourselves for growth.





PEOPLE SUPPORT





Strengthening our Foundations for Growth

Winter provided the opportunity for strategic reflection. Our focus turned inward, strengthening the structures, capabilities, and culture that will help us grow stronger together in the seasons ahead.

We also had the opportunity to face our realities head-on – a shrinking pool of critical skills, rising talent costs, generational shifts, and the need to embrace new technologies. Acknowledging these challenges was a key step in realigning our People Strategy with the needs of our business.

Projects That Drove Growth This Quarter

Several key initiatives came to life during the last quarter. Each initiative is designed to build capability, strengthen connection, and create a fair and thriving environment for all IntelliGro employees.

Here's what the People Support team has been working on:

- **Don't Just Work – DISCover Growth**

We launched and rolled out DISC assessments and team sessions across the business, helping employees and leaders understand their communication and working styles and how to use these insights to grow personally and professionally.



- **Succession planning**

We identified critical roles and talent pipelines to strengthen leadership continuity and prepare for future growth.



- **Employee engagement survey**

We gathered honest feedback from our teams to understand what matters most and where we can improve. These insights will shape our 2026 People Strategy



- **Benefits review**

We reviewed our employee benefits and allowances to ensure fairness, consistency, and alignment across the business.





Looking Ahead: Sharpening Organisational Effectiveness

And looking ahead to the remainder of the year, we're excited to continue with:

- A comprehensive Labour Audit to ensure compliance and strengthen governance.
- Revisiting TalentGro, an initiative to attract young talent to a career in agriculture and to identify, develop and support talent with high potential.
- An HR System Review to modernize and streamline our people processes.
- A Crop Advisor Profile Review to align our growth strategy with existing and future capability.
- Continued focus on personal and middle management development to build confident, capable teams and leaders for the future.

Growing Leadership Strength ●

Our leadership journey continued through the WUSA Leadership Development Initiative. Leaders deepened self-awareness through Enneagram profiles and 360° feedback. This led to greater connection and stronger collaboration across the IntelliGro and WUSA leadership teams.

The next phase of this journey focuses on strengthening trust and equipping our middle managers who are a vital link between strategy and execution.

Building Capability Across Core Functions ●

Throughout the quarter, each of our six key functions — Supply Chain, Commercial, Finance, Technical, Marketing, and People Support — clarified their roles and responsibilities to ensure efficiency, accountability, and alignment with our growth goals. This structural clarity forms the foundation of a more connected and capable IntelliGro.

Looking Ahead ●

As we move into the new season, our focus shifts from reflection to activation. We'll continue embedding our GRIT values into everyday leadership, strengthening collaboration across teams, and advancing a People Strategy where structure, capability, and culture work together to drive performance and purpose.

GRIT

Growth | Relationships | Innovate | Take Ownership

Because at IntelliGro,
people are not just
part of the strategy
- they ARE the strategy!



Ons nuwe aanstellings



IntelGro Nasionale Aankoopbestuurder

Ons is trots om **Tielman Marais** as IntelGro se nuwe Aankoopbestuurder aan te kondig. Sedert 2016 is hy 'n gewaardeerde deel van die span en het al verskeie rolle vervul. Hy bring 'n rykdom aan tegniese én kommersiële ervaring na sy nuwe rol, en sal fokus op die optimalisering van aankope en die versterking van ons verskafferhoudings. "Ons sien uit na hierdie hoofstuk in Tielman se IntelGro-reis. Sy diepgaande kennis, strategiese denke en toewyding sal groot waarde toevoeg in die sleutelrol." – AJ Griesel.



Area Bestuurder: Wes-Kaap (Swartland & Sandveld)

Ons is opgewonde om aan te kondig dat **Janco Cloete** die rol van Area Bestuurder vir die Wes-Kaap (Swartland & Sandveld) oorneem. Janco is al drie jaar deel van die IntelGro-span en sal sy landboukundige ervaring gebruik om groei, ondersteuning en operasionele effektiwiteit te bevorder. Hy neem die leisels oor by Penna Odendaal, wat steeds tot einde 2025 as mentor betrokke sal wees.



Voorraadkontroleur

Ons verwelkom **Ashlynn Abrahams** as Voorraadkontroleur by IntelGro. Sy het op 1 Augustus 2025 by ons aangesluit en bring meer as agt jaar se ervaring in die landboubedryf saam. Sedert 2017 was Ashlynn deel van die Rolfes Agri-span, waar sy haar hoofsaaklik op voorraadbestuur en logistiek toegespits het. Met haar waardevolle ondervinding en sterk agtergrond glo ons dat sy 'n uitstekende toevoeging



Area Bestuurder: Laeveld & Natal

Ons verwelkom **Gert van Tonder** as IntelGro Area Bestuurder vir die Laeveld & Natal vanaf 1 Oktober 2025. Met nege jaar se ervaring in die landboubedryf en sterk kennis van sitrus, subtropiese vrugte, makadamias, rygewasse, aartappels en groente, bring Gert groot waarde na ons span.



Gewas Adviseur in Swellendam

Dit is vir ons aangenaam om vir **Pieter Blom** by die IntelGro-span te verwelkom as Gewas Adviseur in die Swellendam-area. Pieter sluit aan by 'n bewese span in die Suid-Kaap en sal voortbou op die sterk verhoudings wat oor die jare in die streek gevestig is. Ná sy studies aan die Universiteit Stellenbosch, het Pieter sy loopbaan begin as Landboukundige op graan en weidings, en later as Tegniese Adviseur en Gewas Spesialis op Kleingrane. Met 'n passie vir kleingraanboerdery en 'n liefde vir die landbou wat diep gewortel is in sy familie, volg Pieter nou trots in sy pa se voetspore.



New faces, same passion - welcome to IntelliGro!

Crop Advisor in the Bloemhof area

We are pleased to announce the appointment of **Justin Smit** as Crop Advisor. Justin began his career in the agricultural chemicals sector in 2011. He grew up in Vaalharts, where his interest in farming developed from an early age. His passion for agriculture, combined with over a decade of experience, makes him a valuable asset to the team. Justin lives in Bloemhof with his wife, Andrea, and they have two children, Annebelle and Juan.



Crop Advisor in Modderivier, Jacobsdal, Luckhoff & Barkley-Wes

We welcome **Martiens Dippenaar** as IntelliGro Crop Advisor. Martiens has a BCom degree in Marketing from the University of the Free State and subsequently began his career as a Crop Advisor, where he has now gained 9 years of valuable experience. His passion for agriculture and its people is evident in everything he does. Martiens and his wife, Maronél, reside in the Jacobsdal area.



Crop Advisor in Robertson

Ferdi Geldenhuys has joined the IntelliGro team effective 1 May 2025. Ferdi will focus as Crop Advisor in the greater Robertson area and will also work closely with Koos du Plessis as part of a continuity plan. We wish Ferdi a very successful career at IntelliGro and look forward to the impact he will make!



Learner Crop Advisor in the Northern Cape

We are pleased to welcome **Stefan Steenkamp** as part of the IntelliGro team. Stefan will work closely with Wessel Combrinck and Francois Ozrovec. We wish him all the best in this new opportunity. Stefan holds a BAgri degree in Cellar Technology from Elsenburg and has seven years of experience in winemaking at OWK, as well as three years in vineyard management. He is married to Néna and they have a 2-year-old son, Chrisjan. In his free time, Stefan enjoys hunting and spending time with his family in the outdoors.



Learner Crop Advisor in Wesselsbron

We are pleased to announce the appointment of **Hendri Muller** as a Learner Crop Advisor. Hendri has more than 16 years of experience in the agricultural sector, with the past six years focused on crop protection programmes as farm manager. With a lifelong involvement in agriculture, he offers a strong practical foundation, valuable technical expertise, and a deep-seated passion for the industry. He is married to Jolene and is the proud father of two children, Rikus (10) and Mila (4).





PRIMARY BUSINESS CHANNEL





Area Bestuurders: Area-oorsigte

SWARTLAND/SANDVELD

Seisoenopdatering: Dankbare afsluiting van die kleingraanseisoen

Die kleingraanseisoen is besig om tot 'n einde te kom ná 'n oorwegend goeie jaar. Die seisoen is gekenmerk deur goed verspreide reënval oor groot dele van die gebied, hoewel die toestande teen einde September droër geraak het. Temperature het oor die algemeen gematig gebly sonder buitensporig warm dae. Alhoewel dit 'n droër winter was, het die verspreiding van reënval steeds gunstig bygedra tot gewasontwikkeling.



Area Bestuurder
Janco Cloete

Die meeste produsente het teen die week van 20 Oktober met die oes begin, en opbrengsdata is nog voorlopig. Ná 'n sterk produksieseisoen bly die koringprys egter 'n uitdaging en bring teleurstelling te midde van goeie landbouprestasie.

Ander gewasse

Die Intellect Solutions proewe wat gedoen word op kleingraan in die Swartland word binnekort geoes en die data sal dan verwerk word om benut te word vir beplanning en besluitneming doeleindes.

Opkomende geleenthede:

- Kleingraan-nabetragtingsdag – 13 November 2025
- Aartappelprodusentedag in die Sandveld (in samewerking met Syngenta)
- Sitrus-inligtingsaand in Citrusdal – met sprekers van Tessenderlo, Lallemand en ons eie Hein Gerber


Vooruitblik

Al was die seisoen nie sonder uitdagings nie, is daar groot rede tot dankbaarheid vir die resultate wat behaal is. Produsente sien met optimisme uit na die nuwe seisoen wat voorlê, met die hoop op voortgesette groei, innovasie en samewerking.

VERRE NOORD

Sterk Sitrusseisoen met Goeie Uitvoere

In die Limpopo-gebied het die sitrusoes besonder goed gelyk. Alhoewel swartvlek op sekere plase uitdagings gebied het, was die algehele vrugkwaliteit en opbrengs baie positief. Produsente in die streek is tans in 'n gunstige posisie, met uitvoere wat goed verloop en die mark wat sterk vraag toon vir kwaliteit vrugte.



Area Bestuurder
Wéan Benadie

Aartappels: Goeie oes, maar druk op prys

Aartappelproduksie in Limpopo het hierdie jaar bogemiddelde opbrengste gelewer. Ongeveer 1 000 ha meer aartappels is geplant in vergelyking met die vorige seisoen, wat saam met die hoë produksie egter gelei het tot markversadiging. Ondanks uitstekende kwaliteit en opbrengs, het die pryse beduidend gedaal, wat produsente onder druk plaas.

IntelGro in aksie: Bemarking en samewerking

Die IntelGro-span was die afgelope maande aktief betrokke by verskeie bemarkingsgeleenthede. 'n Hoogtepunt was die eerste IntelGro-aartappelgroendag in Alldays, waar verskaffers hul produkreeks gedeel het en die IntelGro-span die IntelGro Biologiese benadering uitgelig het. Nog 'n belangrike geleentheid was die jaarlikse SAMAC-simposium, wat vanjaar in Zimbali, KwaZulu-Natal, plaasgevind het. Met die tema "Cracking the Code – Decoding the Power of Data for a Smarter Tomorrow" het die simposium weer eens 'n hoogtepunt in die makadamiabedryf geword. As borg het IntelGro waardevolle geleenthede gehad om met produsente en insetverskaffers van regoor die land te skakel.

Groente en Graan: Pryse Bly 'n Bekommernis

In die groente- en koringbedryf heers daar kommer oor pryse, veral vir kool en uie, waar pryse aansienlik gedaal het. Die positiewe kant is dat opbrengste goed lyk, wat produsente darem 'n mate van verligting bied.

Vooruitsigte

Vroeë reënval oor groot dele van Limpopo en die Laeveld het die nuwe seisoen met optimisme laat begin. Mieliesaadproduksies op die Springbokvlakte is reeds geplant en toon goeie opkoms, terwyl eerste swartvlekbespuitings in sitrus aan die gang is. Hoewel die reën baie welkom is, het dit ook uitdagings gebring, onder meer haelstorms wat sommige vroeë aanplantings beskadig het. Daar is egter steeds genoeg tyd vir herstel, en produsente bly positief oor die seisoen wat voorlê.






OOS-KAAP

Oos-Kaap sitrusoeste is lewenskragtig en steen- en kernvrugte lyk belowend

Die Oos-Kaap het 'n uitmuntende sitrusseisoen agter die rug met rekorduitvoervolumes. Oes van steenvrugte begin oor ongeveer ses weke, terwyl kernvrugte in Januarie volg — die oeste lyk veral belowend vir appels. Watervoorsiening kan egter in die Langkloof 'n uitdaging wees. Alhoewel die streek tans baie droog is, dui voorspellings op 'n reënval bo die gemiddelde vir die tweede helfte van die somer (vanaf Januarie).



Area Bestuurder
Etienne van Greunen

PCO-kursus by Kirkwood-depot

As deel van ons voortgesette verbintenis om aan die nuwe regulasies te voldoen het ons die PCO-kursus op 10 Oktober met groot welslae vir kliënte aangebied.

Masterlock Noorde-toer: IntelliGro en Villa Crop Protection gee opleiding op plaasvlak

IntelliGro Sondagsrivier het saam met Villa Crop Protection 'n toer na die Noorde gereël, waar kliënte die kans gehad het om te sien hoe Masterlock op groot plase met sukses gebruik word. Die toer was beide suksesvol en leersaam, en het waardevolle insigte oor die praktyk en effektiwiteit van die produk.

Situsrally 2025

Die Oos-Kaap Sitrus-rally is op 21 Augustus gehou. Dankie aan al die verskaffers, ons het uitstekende terugvoering ontvang vanaf die 15 kliënte-spanne wat tussen die stalletjies beweeg het.

IntelliGro Kirkwood help Hoërskool Kirkwood met krieketfasiliteite

IntelliGro Kirkwood werk saam met die Hoërskool Kirkwood om die skool se krieketnet te herstel. Hierdie samewerking dra by tot beter sportfasiliteite vir die leerlinge en ondersteun aktiewe deelname aan krieket.





SITRUS-RALLY 2025





OOS-VRYSTAAT EN WESTELIKE MPUMALANGA

Landboukundige Toestande, Opbrengste en Vooruitsigte

Reënval vir die afgelope seisoen

Die seisoen met reënvalpatrone wat gewissel het van te min, te veel, te min en toe weer te veel sal onthou word as 'n wisselvallige seisoen. In die Oos-Vrystaat was die gemiddelde reënval vir November 2024 laer as die vorige twee seisoene en grondvogvlakke was baie laag in gebiede soos Edenville, Parys, Marquard, Reitz, Frankfort, Vrede en Harrismith. Die gevolg was veral baie snywurmskade en aanvanklike swak onkruidbeheer.



Area Bestuurder
Louis Pieterse SR

Die westelike Mpumalanga, spesifiek die Oostelike Hoëveld – Standerton, Greylingstad, Morgenson en dele van Ermelo – het ook lae en wisselvallige reënval ervaar met die gevolg van swak grondvog, swak opkoms en dit as een van die droogste aanvangseisoene in vergelyking met die vorige vyf seisoene beskou word.

Aprilmaand was baie nat met meer as 200 mm reën. Dit het saam met 'n bogemiddelde somerreënval gelei tot baie nat lande met fonteine, 'n lang uitgerekte stroopseisoen en gevolglik ook baie swak graankwaliteit.

Graanopbrengste 2024/25-seisoen

Vanjaar was sekerlik een van die langste stroopperiodes, veral op mielies. Baie boere was eers teen middel September klaar en toe het daar nog steeds nat kolle oorgebly wat met die hand geoes en toe gedors is.

- **MIELIES:** Wat opbrengste betref, het die Vrystaat, Noordwes en Mapumalanga sowat 81% van die land se mielieoes gelever met 'n gemiddelde opbrengs van 5,65 ton per ha. In ons oostelike gebied het opbrengste gevarieer van 3-8 ton per ha. Daar was egter meer kwaliteitprobleme by later mielies en daar is graad 2- en 3-mielies gestroop.
- **SOJABONE:** Sojabone het almal verbaas en baie boere het hulle beste oes in jare gestroop. Opbrengste het baie gevarieer, daar was opbrengste van tot 3 ton/ha en 'n gemiddeld van 2 ton per ha.
- **SONNEBLOM:** Die gewas was baie belowend, maar met die baie laat reën het *Sclerotinia* sy tol geëis. Opbrengste was baie laag en tot so min as 1 ton per ha is gestroop.

Posisie van die graanindustrie

Baie van die graansilo's in die Ooste het van hulle meeste mielies in jare ontvang. Ekstra graanbunkers is aangebring en uitvoertempo is tans nog baie laag. Saam met die bogemiddelde Amerikaanse mielie-oes is daar baie druk op ons graanpryse.

Die graanpryse (Safex) van 24 Oktober 2025 toon die volgende tendense: GEWAS	PRYS R/TON
WITMIELIES	3755
GEELMIELIES	3625
SOJABONE	7280
SONNEBLOM	9910
AARTAPPELS – PRYSE HET IN AUG. 25 TOT 50% GEDAAL TEENoor VROEËR VANJAAR	

OPMERKINGS

- Baie produsente hou nog graan terug met die hoop dat graanpryse later in jaar gaan styg.
- Sommige produsente het mielies op 'n 70:30 graankontrak gelever.

TEGNIËSE ONDERSTEUNING EN SAMEWERKING

OPLEIDING

- **Nuwe Gewas Adviseurs**

Blootstelling en opleiding oor gewasprogramme deur Philargo Yamato-onkruidodder, Villa, Adama, Bayer, Nutrico en Corteva.

- **Verskaffer geleenthede**

Verskaffers was betrokke by verskillende opleidingsgeleenthede.

- **Proewe:**

- Die InFielder-program word positief ervaar en die geleentheid bestaan om dit in die toekoms verder uit te brei.
- Verskillende proewe is gedoen met Yamato en dit vorm 'n belangrike deel van InteliGro se gewas oplossings.

BEMARKING EN INLIGTINGSDAE

- Bieliemieliefes op Reitz. Ons borg die Bulletjie Rugby en mini-Netbal
- Edenville-rally by Francois Fivaz. Blootstelling aan kliënte met praktyke wat volhoubare resultate lewer. Die dag gaan in 2026 vir die tiende keer aangebied word!
- AIS dag op Delmas – InteliGro Intelekt Solutions-proefbesoeke
- VAL Boeredag – die dag gaan oor blootstelling aan InteliGro en wat ons aan boere bied.
- Inligtingsdag saam met InteliGro-verskaffers op Reitz asook dr. Johnny van der Berg met sy bekende en insiggewende praatjie oor snywurms.
- Bekendstelling van nuwe Gewas Adviseur Hennie Janzen op Vrede. Niel Kruger spreek boere toe oor die rol wat InteliGro in hul boerderye kan speel.
- Gewas Adviseurs is betrokke by boereverenigings en studiegroepe met lesings en besoeke aan hulle eie proefpersele.
- PCO-kursusse op Standerton en Bethlehem.
- **Foto onder:** AJ en Niel besoek Ooste se Gewas Adviseurs en besoek ook drie boere in die gebied. V.l.n.r.: Louis Jnr, Louis snr, AJ Griesel en Niel Kruger.



TEN SLOTTE:

- Die seisoensvooruitsigte vir die 2025/26-landbouseisoen vir die Ooste dui op 'n verwagting van normale tot bogemiddelde reënval, alhoewel die najaar in 2026 moontlik droër kan wees.
- Ons kliënte in veral die Oostelike deel is besig om te plant met goeie grondvog.
- Ons damvlakke toon tans 'n baie gesonde stand. Vaaldam 102%, Grootdraai 94% en Bloemhof dam 100%.

- Ten spyte van die huidige laer prystendense van grane, heers daar steeds optimisme oor die nuwe plantseisoen wat alreeds begin het.
- 'n Woord van dank aan AJ Griesel en Niel Kruger vir hulle positiewe leiding en uitsonderlike bydrae. Saam kan ons InteliGro na nuwe hoogtes neem. Dankie ook aan ons Gewas Adviseurs en die res van die InteliGro-span vir elkeen se bydrae om alles aan die loop te hou!



SENTRAAL-WES & NOORDWES

Van droog tot nat – Produsente en Gewas Adviseurs hou koers

Die afgelope seisoen is gekenmerk deur uiterstes – met groot dele van die streek wat eers 'n droë planttyd beleef het, gevolg deur baie nat toestande in die tweede helfte van die seisoen. Ten spyte hiervan het produsente en Gewas Adviseurs met volharding en aanpasbaarheid voortgegaan.



Area Bestuurder
Janet Lawless

Gedurende Junie is 'n gestruktureerde Rygewas-opleidingsprogram aangebied met fokus op geïntegreerde gewasbestuur, terwyl Augustus toegewy is aan kommersiële beplanning rondom verskaffer-verhoudings en prysstrategieë. InField Solutions-proewe word tans met 20 produsente en sewe Gewas Adviseurs regoor die gebied gedoen – 'n waardevolle platform vir tegniese samewerking en praktiese toepassing van kennis.

In Augustus en September is verskeie produsentegeleenthede gehou wat InteliGro se betrokkenheid verder versterk het.

- Pest Control Operator (PCO)-kursusse bevorder kennis en samewerking. 'n Reeks suksesvolle PCO-kursusse is onlangs in verskeie dorpe aangebied, waaronder Wesselsbron, Viljoenskroon, Sannieshof, Hoopstad en Jacobsdal. Die sessies het gefokus op praktiese vaardighede, verantwoordelike gebruik van landbouchemikalieë en die verbetering van spuiteffektiwiteit.
- In Hoopstad het Herman van Zyl, Senior Gewas Adviseur, 'n spuiteffektiwiteit-demonstrasie aangebied, asook die bekende "Spookhuis"-konsep in samewerking met Villa Crop Protection. Hierdie demonstrasie het die invloed van byvoegmiddels op spuitverspreiding en doeltreffendheid op 'n treffende manier geïllustreer.
- In Braklaagte (Stols Boerdery) het Jorrie Jordaan, Senior Gewas Adviseur, sy eie "Spookhuis"-demonstrasie aangebied, ook in samewerking met Villa Crop Protection, met ondersteuning van Bayer en TeeJet.
- In die Sannieshof-gebied het Driekus Visser, Gewas Adviseur, gedurende Augustus en September 'n reeks inligtingsdae aangebied. Die sessies het onderwerpe soos byvoegmiddels, sojaboonproduksie, *Sclerotinia*-risikobestuur en mielie-uitdagings gedek, in samewerking met Hinterland, Nutrico, BASF, Agricol en Bayer. Hierdie inisiatief het waardevolle kennisdeling bevorder en sterk vennootskappe met produsente versterk.
- Izak Venter, Senior Gewas Adviseur, het die Ride & Fly-geleentheid in Welkom aangebied – 'n dinamiese sessie wat samewerking en voorseisoenbeplanning beklemtoon het.
- Verder het Dries Burger opgetree tydens die Potchefstroom Akkerbou-studiegroep se Sojabooninligtingsdag, terwyl Casper Groenewald en Rusti Labuschagne 'n motiveringsdag naby Bloemfontein aangebied het wat op hoop en veerkragtigheid gefokus het.

'n Nuwe seisoen, nuwe geleenthede


- Die 2024/25-seisoen het beduidende uitdagings gebring, met witmielies wat swak graadverhoudings getoon het en *Sclerotinia* wat plaaslik groot verliese in sonneblom veroorsaak het. Hierdie omstandighede het produsente onder druk geplaas en die belangrikheid van volgehoue tegniese ondersteuning en doelgerigte risikobestuur beklemtoon.

Tog het die span, deur deeglike voorbereiding en samewerking, hulself in 'n gunstige posisie geplaas om die nuwe seisoen met vertroue aan te pak. Die skote het geklap – die uitdagings én geleenthede van 2025/26 lê voor. Mag ons onthou: In elke uitdaging skuil die grootste geleentheid.

SUIDELIKE NAMIBIË EN NOORD-KAAP

Winterseisoen langs die Oranjerivier: 'n stil, maar belowende tyd

Die winterseisoen langs die Oranjerivier — vanaf Aussenkehr in die suide van Namibië tot Prieska in die Noord-Kaap — was 'n rustige, maar baie positiewe tyd vir produsente in die streek. Die sitrussektor was volstoom aan die oes, en produsente het oor die algemeen uitstekende oeste behaal met gunstige markpryse.



Die klimaatstoestande gedurende die winter was ideaal, met 'n hoë akkumulering van koue-eenhede wat gesorg het vir 'n eweredige bot in die wingerde. Die wingerde het vinnig uit die blokke gekom, en die seisoen verloop tans sowat 'n week vroeër as verlede jaar. Ook in die sitrusbedryf lyk dinge belowend – die bome het sterk uit die winter gekom en toon 'n goeie blompotensiaal.

In April is die Noord-Kaap-rally met groot sukses aangebied, met 18 deelnemende spanne en uitstekende terugvoer van almal betrokke. In Junie het die span saam met Raisins SA by drie velddae betrokke geraak – in Augrabies/Kakamas, Kanoneiland en Groblershoop. Elke dag is goed bygewoon deur produsente, met Duane de Swardt wat die plantvoeding-lesings hanteer het en De Wet du Toit wat gewasbeskerming aangebied het.

Met die nuwe seisoen wat voorlê, sien ons uit na 'n sterk opbou oor al die gewasse in die streek – dadels, sitrus, tafeldruiwe, rosyntjies, pekanneute en groentesaadproduksie – wat almal reeds belowende tekens toon vir 'n uitstekende jaar.





SUID-KAAP

Strategiese beplanning vir 'n sterk 2026 ná 'n gemengde seisoen

Die kleingraanseisoen in die Suid-Kaap staan nou einde se kant toe. Ná 'n aanvanklik baie goeie begin vir die winteraanplantings, is die resultate tans gemeng. In sommige gebiede waar daar later reën geval het, is daar goeie gemiddelde oeste behaal, terwyl ander areas, wat later baie droog geword het, ernstige misoeste ervaar het.

Ons harte gaan uit na die produsente wat weens ongunstige klimaatstoestande nie die gewenste opbrengste kon realiseer nie. Hierdie uitdagings in die Suid-Kaap vereis deeglike en intensiewe beplanning om te verseker dat die regte strategie vir 2026 geïmplementeer kan word. Die InteliGro-span is uitstekend geposisioneer om, met die nodige kundigheid en ervaring, saam met produsente te beplan en die beste opsies binne die situasie op die tafel te plaas.



Ons het ongelukkig ook afskeid geneem van een van ons geliefde kollegas en vriende, Oostewald Eksteen, wat oorlede is gedurende die seisoen. Oostewald het diep spore getrap in die Swellendam-omgewing en in die harte van produsente waar hy vir bykans 18 jaar diens gelewer het. Pieter Blom neem nou die leisels oor in Swellendam, en ons het volle vertroue dat hy die goeie werk van Oostewald sal voortsit.

SENTRAAL-KAAP

Vrugtebedryf in die Sentraal-Kaap toon sterk vooruitsigte en groei

Die vrugte- en wingerdbedryf in die Sentraal-Kaap is voluit aan die gang. Klimaatstoestande gedurende die blomperiode was gunstig, en alhoewel die blomtyd korter was as gewoonlik, was die vrugset oor die algemeen baie goed.

In die kernvrugtesegment is produsente besig met vruguitdunningstrategieë om die oeslading te bestuur en vrugte van uitnemende gehalte te verseker. Die huidige toestande is baie positief, al lê daar nog 'n lang pad voor. In die steenvrugsegment beweeg ons nou die oesperiode binne vir die vroeë kultivars, en dit toon besonder goeie vooruitsigte. Die uitvoermarkte vir vrugte is tans ook baie gunstig, iets waarvoor ons werklik dankbaar is.

InteliGro het vroeër vanjaar 'n baie suksesvolle Vrugte-rally in Ceres aangebied, waar relevante en praktiese inligting op 'n informele wyse gedeel is. Die dag is goed bygewoon deur ons gewaardeerde kliënte en verskaffers, en ons sê graag dankie aan almal vir hul betrokkenheid en positiewe bydraes.

- InteliGro is tans in die proses om 'n Area Bestuurder vir die Sentraal-Kaap aan te stel. Hierdie persoon sal saam met die betrokke Gewas Adviseurs werk om InteliGro se markaandeel verder uit te bou, gesteun deur die suksesvolle gewasoplossings wat ons aan produsente bied.



CERES VRUGTE RALLY





PCO-opleidings

IntelGro bied landwyd in samewerking met Pest Management Academy (PMA) verskeie opleidingsgeleenthede vir ons Gewas Adviseurs en produsente om die nodige kursus te voltooi om suksesvol as PCO's te kan registreer. Dit verseker dat ons landwyd op datum bly van wetlike regulasies en nakoming.

'n Spesiale woord van dank aan ons IntelGro -spanne wat hard agter die skerms werk om alles moontlik te maak!





PCO-opleiding: Bou van nakoming, vertroue en toekomstige volhoubaarheid

Tydens die winterseisoen het InteliGro weer sterk gefokus op die ontwikkeling en opdatering van kennis onder produsente en Gewas Adviseurs deur 'n reeks PCO-opleidingsessies wat landswyd aangebied is, met nog ses beplande sessies in die volgende paar maande.

Tot dusver het **536 kursusgangers** al deelgeneem!

Dit is 'n aanduiding van die groeiende bewustheid en erns waarmee produsente en Gewas Adviseurs hierdie verantwoordelikheid benader. Die opleiding het daarop gefokus om tegniese kennis oor produktoepassing, veiligheid, wetgewing en praktiese hantering te versterk, met spesiale aandag aan streekspesifieke uitdagings en omstandighede.

Hoekom bied ons die opleiding aan?

Die PCO-opleidings bied praktiese kennis oor wetlike vereistes, veilige produkhantering en verantwoordelike toediening van gewasbeskermingsprodukte. Dit vorm deel van InteliGro se verbintenis tot nakoming en rentmeesterskap in die landbouchemiese bedryf.

RAR ("Restricted Agricultural Remedy") produkte mag slegs verkoop word aan produsente wat 'n PCO-nummer het. Die PCO-nummer word uitgereik na die suksesvolle voltooiing van die PCO kursusse as stap een en dan as dit deur die nodige registrasie proses is en formele PCO-nummer uitgereik word deur die Departement. Daar is verskeie ander vereistes wat ook deel uitmaak van die proses onder ander praktiese ondervinding en kwalifikasies.

Ons rus mense toe met die regte kennis om binne die wetlike raamwerk (Wet 36 van 1947, Wet 15 van 1973 en CropLife SA-riglyne) te funksioneer, en speel 'n belangrike rol in die verspreiding van kennis oor:

- Veilig en effektiewe produkgebruik
- Beste praktyke in gewasbeskerming en biologiese oplossings
- Tegniese insigte in geïntegreerde landboubenaderings
- Streekspesifieke terugvoer en netwerkbou tussen produsente en InteliGro-spanne



Wat beteken dit vir InteliGro en die produsent?

Vir InteliGro bevestig die opleiding ons fokus op volhoubare, veilige en professionele produkgebruik. Vir produsente is die opleiding noodsaaklik om aan wetgewing te voldoen en en produkte wat val in die "Restricted Agricultural Remedy" RAR groep te mag hanteer. Dit bevorder veilige, doeltreffende praktyke wat hul onderneming, werknemers en die omgewing beskerm – en dra ook by tot die volhoubaarheid van die hele landbouwaardeketting.

Ons belegging in die toekoms

Deur in mense en kennis te belê bou InteliGro aan 'n nalatenskap van verantwoordelike chemiese bestuur. Die PCO-opleiding is dus meer as 'n kursus – dit is 'n belegging in die geloofwaardigheid en volhoubare sukses van die Suid-Afrikaanse landbou.

Hoekom nakoming saak maak

Nakoming is meer as 'n wetlike vereiste – dit gaan oor integriteit. Elke korrekte rekord en veilige praktyk bevorder omgewings- en werknemerveiligheid en ondersteun volhoubare handel. In 'n tyd van streng regulatoriese vereistes en groter markdeursigtigheid, is nakoming die sleutel tot groei en volhoubaarheid.

IntelGro se voetspoor verbreed

Opening van Mariental-depot



Mariental, ons is hier en ons gaan groei!

Foto links: Gerrie Ludick en Morné Swanepoel van Viljoenskroon, Adriaan Bergh (Gewas Adviseur Mariental) & Wimpie Coetzee (Gewas Adviseur Grootfontein) het die IntelGro-depot se opening in Namibië terdeë geniet.

Foto regs: Adriaan Bergh, Cilisia Bergh (Depot Admin) en hul 2 kinders – trots getooi in IntelGro-kinderhemde.

Vrede-depot-bekendstelling



Ons het Vrede! Ons het 'n bekendstelling aan produsente van die area gehad en Niel Kruger het die boodskap van IntelGro se ondersteuning aan ons boere uiteengesit. Op foto 2, van links na regs, is Hennie Janzen, Louis Pieterse snr, Louis Lombard – slag gereed om die pad na resultate saam met jou te stap.



TECHNICAL





Responsible use of Restricted Agricultural Chemicals: Non-negotiable

The pest control industry is currently under close scrutiny following several tragic poisoning incidents affecting both humans and animals. In South Africa, the deaths of children in Soweto, linked to the consumption of food contaminated with highly toxic agricultural chemicals such as terbufos, and the poisoning of scavenger birds in Kruger National Park have sparked national concern. These events highlight the urgent need for strict regulation and responsible use of hazardous agrochemicals.

In August 2023, the Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development (DALRRD) introduced new regulations under Act 36 of 1947. These regulations formally define a new category of Restricted Agricultural Chemicals, products considered acutely toxic and capable of causing serious or irreversible harm to human health or the environment. Examples include substances classified as WHO Class Ia/Ib or listed under the Rotterdam Convention.

The message is clear: These products may still be used, but only under strict control.



Responsible handling benefits everyone – growers, suppliers, consumers, IntelGro and the environment.

Misuse not only endangers lives but also threatens the long-term availability of these essential tools for pest and weed management.

To comply with the new regulations, only certified Pest Control Operators (PCOs) may purchase and apply restricted chemicals.

A PCO must be registered in the relevant field (e.g., agriculture or forestry) and physically present during application.

This ensures that the person handling the product is trained, competent, and aware of the necessary safety protocols.

We strongly recommend that every farm employ at least one registered PCO. This is not just a regulatory requirement—it is a proactive step to protect your workers, your crops, and your market access.

With increasing pressure from export markets and environmental groups, compliance is no longer optional; it is essential for sustainability.

Protecting our people, ecosystems, and the future of agriculture in South Africa requires cooperation from all stakeholders.



Bio-Control



Bio-Stimulants



Bio-Inoculants



Bio-Mass



Our **IntelGro BioSolutions** combine nature and science to grow healthier, more resilient crops. Environmentally friendly and safe for beneficial organisms, they support sustainable, low-to-no residue farming. By reducing the impact of harsh climates and fitting into an IPM approach, it helps maintain strong yields and crop quality all season long.

Benefits of Our Biological Solutions

ROOT AND SOIL CONDITIONING

From Roots to Results

- **Stronger roots:**
Improve root colonisation and support healthy growth
- **Healthier soil:**
Create the right environment for beneficial microbes
- **Better nutrition:**
Make nutrients more effective for your crops
- **Efficient water use:**
Help plants use water more effectively
- **Disease protection:**
Control root diseases naturally

INTEGRATED PEST MANAGEMENT

Crop Protection & Monitoring

- **Disease management:**
Keep crops healthy and productive
- **Soil-borne disease control:**
Protect roots and soil health
- **Major pest control:**
Target key pest species effectively
- **Ongoing monitoring:**
Track pests and diseases for timely action

CROP STRESS MANAGEMENT

Plant Growth & Resilience

- **Boost photosynthesis:**
Help plants capture more energy from sunlight
- **Stronger plants:**
Strengthen cell wall structures for healthy growth
- **Better nutrition:**
Improve nutrient uptake and availability
- **Stress resilience:**
Enhance plant resistance to challenging conditions

SUPPORTING SERVICES

Expert Support & Monitoring

- **Pest and disease identification:** Spot problems early
- **Leaf analysis:** Understand crop health at a glance
- **Soil health tests:** Keep your soil in top condition
- **Field support:** Expert advice when and where you need it

**Contact your IntelGro Crop Advisor
for expert advice and assistance**



BIOLOGICAL CROP PROTECTION

From complementary to CRITICAL for growers



Export markets are tightening, chemical control options are becoming increasingly limited, and global scrutiny around food production practices is intensifying. For South African growers, the need to adopt an integrated approach – with biological crop protection at its core – is no longer optional but essential for maintaining market access and ensuring long-term sustainability.

"We're at a turning point," says Martin Booyens, Technical Marketing Specialist for Biological Solutions at IntelGro, with international experience in countries like Spain and Israel. "Growers are facing increased phytosanitary pressure, especially from the EU and China, where new regulations and stricter import inspections have recently been implemented. At the same time, we're losing access to chemical products at an alarming rate. Those who don't start taking biology seriously will fall behind."

WHAT IS DRIVING THE SHIFT?

Booyens outlines three major forces behind the change:

- Fewer chemical products are available due to international regulations.
- Residue limits in export markets – especially Europe – leave little room for traditional chemical programmes.
- Advances in technology now allow biological products to be just as effective as chemical solutions against certain pests.

Restrictions on chemical products include the CMR classification (carcinogenic, mutagenic, or reproductive toxins), along with strict regulations requiring only certified PCOs to handle certain substances at farm level. The "EU Green Deal" demands a 50% reduction in pesticide use and 20% less fertiliser by 2030. These targets are placing pressure on exporting countries like South Africa to adopt biological alternatives more swiftly.

"We've used natural enemies such as parasitic wasps and predatory mites for decades," explains Booyens. "The difference is that they used to be supplementary. Today, they form the backbone of Integrated Pest Management (IPM) – marking a shift away from over-reliance on chemistry, towards a balanced approach where biological solutions play a central role."

REAL-WORLD EXAMPLES

"International examples, such as Almería in Spain, show what's possible," says Booyens. "Once known for high residue levels, Almería is now a global leader in biological farming, with 40 000 hectares of crops under production. We're using the same technology in South Africa and have already made significant progress – exporting soft fruit, table grapes and citrus with zero pre-harvest residues to strict markets."

Local success stories are already emerging:

- **Peppers and cucumbers:**
In controlled environments, near-complete biological control is possible.
- **Citrus:**
With the support of CRI (Citrus Research International), South Africa is a leader in the field. Local growers use biological strategies such as viruses to control bollworms, sterile insect technology for fruit flies, and bicarbonate for black spot.
- **Table grapes:**
Bacillus, bicarbonate and *Trichoderma* are effectively managing mealybug and fungal issues. These products also play a key role in row crops.



